

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 33: B'chukkotai (בהקותי) – Volgens My Bepalings

As julle volgens My reëls loop en My opdragte hou en dit doen – Lev. 26:3 – PWL¹.

Torah: Lev. 26:3 tot 27:34.

Haftorah: Jer. 16:19 tot 17:14.

Nuwe Verbond: Matt. 7:21 tot 27; Rom. 1:18; Rom. 2:2 tot 10; Efes. 5:1 tot 7; Kol. 3:1 tot 10; 1 Thess. 1:10 en 1 Thess. 5:9; Open. 11:18; Open. 14:10 en 19; Open. 15:1; Open. 16:1 en 19.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 33 wat afgelaai kan word by: [Parashah33Notas14](#).

If you never admit that you are wrong, you are saying that you are no smarter now than you used to be – Kalman Packouz.

A happy person is not a person in a certain set of circumstances, but rather a person with a certain set of attitudes – Hugh Downs.

Truth without love is brutality, and love without truth is hypocrisy – Warren Wiersbe

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Midrash (Torah Bespreking)

YHVH het ons geroep!

Ons het gekom aan die einde van die derde boek van die Torah, naamlik Levitikus (*Vayikra*), wat hoofsaaklik die onderrig en instruksies is om rein en afgesonder voor YHVH te lewe. Dit vorm die basis vir 'n voorspoedige en ordelike samelewing wat YHVH se seëninge deelagtig sal wees.

Vayikra beteken: *Hy het geroep!* YHVH het ons geroep om terug te keer na die hart van ons voorvaders Abraham, Isak en Jakob (Mal. 4:6) voordat die groot en vreeslike dag van YHVH aanbreek (Mal. 4:5). Ons voorvaders het geglo in Yeshua Messias wat sou kom en hulle het volgens YHVH se insettinge gewandel en Sy gebooie gehou en gedoen. Gaan ons in die geloofsvoetspore van ons voorvaders en van ons Meester Yeshua wandel, of gaan ons dieselfde foute as Israel van ouds maak? Paulus skryf in 1 Kor. 10:1 tot 12 van die dinge wat Israel verkeerd gedoen het, en dan sê hy:

Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. 1 Kor. 10:11 en 12.

Onthou: 'n Hele geslag van Israel het in die wildernis gesterf! Dit herinner ons aan die woorde van Yeshua toe Hy gesê het:

Gaan in deur die nou hek, want die hek wat na vernietiging lei is breed en die pad wyd en baie gaan in, maar die hek is klein en die pad smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind! Matt. 7:13 en 14

Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen. Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter (Naam) geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?' Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!' Matt. 7:21 tot 23.

Om ons Liefdevolle Vader se onderrig en instruksies ter harte te neem met 'n begeerte om daarvolgens te lewe gaan gepaard met groot veranderinge, aanpassings en oorvloed kennis. Daarom glo ek ons kan almal met die volgende beskrywing identifiseer:

Most of us have gone through a lot of changes, and many trials. Most of us have suffered a lot of separation from family, and friends, and former fellowship, just to get where we are today. All I need to say to you is, "Let's keep going."

It is a huge leap forward to realize that we are Israelites, and that we need to both learn and keep the Torah. One Messianic friend described her time of transition as "trying to drink from a fire hose!" But it is essential never to think that we have arrived, just as Shaul did not think that he had attained, or was perfected.

Philippians 3:12-15

Not that I have already attained, or am already perfected; but I press on, that I may lay hold of that for which Messiah Yeshua has also laid hold of me. Brethren, I do not count

myself to have apprehended; but one thing I do, forgetting those things which are behind and reaching forward to those things which are ahead, I press toward the goal for the prize of the upward call of Elohim in Messiah Yeshua.

It is a huge, huge, huge step forward to realize that we are Israelites, and that we need to be both learning and keeping the Torah. However, we need to take the second step. And then the third step. And we need to keep walking.

If all we do is take a humongous step out of the church, but don't come all the way back to the original faith, and do the things that Yeshua commanded the Melchizedekian order to do, then have we truly left the church? (Norman Willis – Nazerene Israel; www.nazareneisrael.org)

Ons moet onthou dat YHVH vir Moses opdrag gegee het om na Farao te gaan met die versoek om Israel vry te laat om uit Egipte te trek sodat hulle YHVH in die woestyn kan dien. Die woestyn was die plek waar Israel se gemoed vernuwe was om te dink, te praat en te doen soos wat in Torah voorgeskryf word. Moses se opdrag was nie om Farao te probeer 'bekeer' om in die God van Abraham, Isak en Jakob te glo nie. YHVH se opdrag aan Moses en Israel was: Kom uit haar uit My volk!!

Ons is van die 'slawejuk' van die Christendom bevry om YHVH as koninklike priesterdom te dien volgens die orde van Melgisédek en nie meer volgens die Levitiese priesterode nie! Daarom moet ons versigtig wees om nie volgelinge van Rabbynse Judaïsme te word nie! Die 'goeie pad' wat die profeet Jeremia na verwys (Jer. 6:16), is die pad wat ons by ons eindbestemming sal bring, naamlik Yeshua Die Gesalfde Een. Rabbynse Judaïsme wys vir ons 'n ander pad en hulle weier om die pad van Yeshua as die Lam van God te loop!

*So sê יהוה: "Staan langs die pad en kyk en vra **na die ou paaie, waar die goeie pad is en loop daarin en julle sal rus vind vir julle lewe, maar hulle het gesê: 'Ons sal nie daarin loop nie.'**"*

Aan die einde van hierdie goeie pad sal ons rus vind. Daarom het Yeshua gesê:

Kom na My toe, almal wat moeg gewerk is en gedwing word om laste te dra en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is vredevol en nederig van verstand, wil en emosie en julle sal rus vind vir julle gees. Matt. 11:28 en 29.

In die lig hiervan kan ons die woorde van Paulus verstaan toe hy geskryf het:

want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou,

want Moshe skryf dat die man wat die onpartydige opregtheid praktiseer wat uit die wet is, volgens daardie onpartydige opregtheid sal lewe."

Die onpartydige opregtheid wat uit vertrou is, sê dit so: "Moenie in jou gedagtes, wil en verstand sê: 'Wie het opgegaan na die hemel en Die Gesalfde Een afgestuur; wie het in die bodemlose put van Sh'ol neergedaal en Die Gesalfde Een uit die dood uit opgebring?' nie.

Daarteenoor, wat sê dit? "Naby jou is die antwoord, in jou mond en in jou verstand." Dit is die boodskap van vertrou wat ons verkondig:

as jy met jou mond ons Meester, Yeshua, verklaar en met jou verstand, wil en emosie vertrou dat God Hom uit die dood uit opgewek het, sal jy lewe hê, want die verstand, wil en emosie wat in Hom vertrou, is onskuldig verklaar en die mond wat Hom bely, lewe. Rom. 10:4 tot 10.

Yeshua is die antwoord op die Torah van Moses – die einddoel daarvan! Yeshua het die Torah van Moses tot sy volheid gebring en vir ons die Torah van die nuwe verbond gegee – die Torah van Yeshua! Die wat vashou aan die Torah van Moses is die kinders van die slavin Hagar en is oorgegee aan die Jerusalem van nou wat steeds in slawerny is. Maar elkeen wat volgens die belofte die kinders van die vry vrou (Sara) is, is waarlik vry en ‘burgers’ van die hemelse (toekomstige) Jerusalem.

Paulus verduidelik dit soos volg:

Want daar is geskrywe: “Avraham het twee seuns gehad, een vanuit ’n slavin en een vanuit ’n vry vrou, maar hy wat vanuit die slavin gebore is, is na die vlees gebore, maar die een vanuit die vry vrou deur die belofte. Hierdie is ’n illustrasie van twee verbonde: een, wat kom van die berg Sinai, wat geboorte gee in slawerny: dit is Hagar, want Hagar staan vir die berg Sinai wat in Arabië is en oorgee aan die Yerushalayim van nou, wat saam met haar kinders in slawerny is, maar daardie Yerushalayim is die vry vrou: wat ons almal se moeder is. Gal. 4:22 tot 26.

Ons moet dus dissipels (studentevolgelinge) van Yeshua wees en nie van Rabbynse Judaïsme nie! Daarom moet ons onthou dat ons Meester Yeshua vir ons ‘n opdrag gegee het toe Hy gesê het:

Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het. Matt. 28:18 tot 20.

YHVH, ons God en Vader, het ons elkeen geroep om *volgens Sy reëls te loop en Sy opdragte te hou en dit te doen!* Maar die vraag is ook: Leef jy volgens dit waarvoor jy geroep is as werker in die Vader se Koninkryk?

Bepeins of Bespreek:

1. Is hierdie opdrag van Yeshua nog die fokus in die Messiaanse Beweging of is die fokus op die verkryging van kennis van ons Hebreuse wortels deur aan die voete van Rabbynse wysgere te sit? Is hierdie versameling van kennis dalk ‘n blote intellektuele oefening sonder die uitleef van dissipelskap soos die nuwe verbond ons leer? Is ‘n gnostiese-gees besig om in die Messiaanse Beweging van mense besit te neem? In ‘n artikel: ‘BEWARE the Messi-Gnostic Spirit’ skryf Norman Willis (www.nazareneisrael.org) die volgende: *Those people possessed by this demon seem to have believed that so long as they know what Scripture says to do, they don’t actually have to do it.* En verwysend na die vele klein ‘kerklose’ groepies wat orals bymekaar kom skryf hy: *In contrast to this, the Messi-Gnostic Torah is that all we need to do is to sit in a circle, read, and share insights.*
 - Is daar waarheid in hierdie stellings?
 - Wat doen jy, of julle as ‘n groep, om volgens Yeshua se opdrag die Evangelie te verkondig?

- Ons moet weer onself opnuut vergewis van wat is Yeshua se definisie van dissipel! Lees ondermeer Luk. 14:26 tot 33.

Loop, Hou En Doen!

As julle volgens My reëls loop en My opdragte hou en dit doen Lev. 26:3.

Die Hebreus vir loop is *halak* en beteken om fisies te loop (te stap), maar verwys ook na leefwyse. Die Hebreus vir *hou* is *sh'mar* en die betekenis vereis 'n aksie (handeling) van bewaak, bewaar en beskerm. Dit is die aksie wat volg op hoor (*sh'ma*). Elkeen moet hoor wat YHVH sê en dit dan bewaar en beskerm as iets baie kosbaar. Die Hebreus vir *doen* is *asah* en is die uitvoering van dit wat jy hoor en bewaak. Hierdie is 'n 'proses' wat 'n leefwyse word – dit is hoe ons daaglik moet loop in die weë van ons Vader. Ons moet loop volgens YHVH se reëls en al Sy opdragte hou en doen asof ons lewe daarvan afhang! Inderdaad; ons ewige lewe hang daarvan af of ons loop, hou en doen volgens die Vader se wil !!

Wie ook al wys is, laat hom hierdie dinge verstaan; wie ook al onderskeiding het, laat hom dit ken! Want die lewenswyse van יהוה is reg en die onpartydige en opregte sal daarin loop, maar die oortreders sal daarin struikel! Hos. 14:9.

Hoofstuk 26 van Levitikus is 'n herinnering dat daar 'n direkte verband is tussen die seëninge van gehoorsaamheid aan YHVH se Torah en die oordele vir ongehoorsaamheid. Met volhardende ongehoorsaamheid is daar egter 'n toename in die intensiteit en omvang van die vloeke (strafgerigte). YHVH gee altyd geleentheid om ons te bekeer en terug te keer tot gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies. Indien ons egter nie gehoor gee aan Sy aanvanklike tugtiging nie, sal die omvang en gevolge van ongehoorsaamheid toeneem.

Maar wanneer ons met berou ons sondes, naamlik die oortreding van YHVH se Torah (1 Joh. 3:4), bely, sal ons vergifnis ontvang (1 Joh. 1:9).

As die bose oortreder wegdraai van al sy sondes wat hy gedoen het en al My instellings onderhou en regverdig oordeel, onpartydige opregtheid, toepas, sal hy sekerlik leef, hy sal nie sterf nie. Al sy oortredinge wat hy gedoen het, sal nie teen hom onthou word nie; as gevolg van sy onpartydige opregtheid wat hy praktiseer het, sal hy lewe. Eseg. 18:21 en 22.

Om gehoorsam aan YHVH se Torah te wees, is om lewe te kies!

Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee. Deut. 30:19 en 20.

Hierdie oorfloedige lewe is om in die regte verhouding met Vader-God te staan deur vertrouwe in Yeshua Messias.

Hy wat vashou aan die Seun, hou vas aan die Lewe en elkeen wat nie die Seun van God vashou nie, het nie die Lewe nie. 1 Joh. 5:12.

Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig. Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorvloed daar ook al vir hulle is. Joh. 10:10.

Hierdie lewe in oorfloed is 'n verbondsverhouding – die nuwe verbond wat deur die bloed van Yeshua bekragtig en verseël is. Daarom is elkeen wat in hierdie verbondsverhouding met YHVH is en daarvolgens lewe, vry van die vloek (oordele, verwys Deuteronomium 27 en 28) van die wet.

Die Gesalfde Een het ons losgekoop van die vloek van die geskrewe wet deur in ons plek 'n Vloek te word, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang" sodat die seën van Avraham na die ander nasies kon kom deur Die Gesalfde Een, Yeshua en dat ons die belofte van die Gees deur vertrou mag ontvang. Gal. 3:13 en 14.

Die vloek van die wet is die strafgerigte wat ons verdien vanweë die oortreding van die geskrewe wet, naamlik van die Torah van Moses. Onthou wat Jakobus in sy brief skryf, naamlik dat wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan die hele wet skuldig geword (Jak. 2:10). Die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Die vloek van die geskrewe wet is dat almal die doodstraf verdien weens ons onvermoë om in alles gehoorsaam te wees.

*Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,
want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak
van die wet van die sonde en van dood,
**want omdat die wet swak was, deur die sieklikheid van die vlees, het God Sy Seun in die
vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te
veroordeel**
sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie
na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 5.*

Israel van ouds het die doodstraf verdien omrede hulle die verbond verbreek het toe hulle die goue kalf aanbid het. Daarom was die doel van die geskrewe wet (die Torah van Moses) juis om hulle in bewaring te hou – die tugmeester te wees – tot Yeshua sou kom (Gal. 3:24 en 25). Maar weens die sieklikheid (swakheid) van die vlees het die wet hulle voortdurend aangekla en ge-oordeel. Die vloek van die wet was dus die strafgerigte soos wat dit in Levitikus 26 en Deuteronomium 28 uiteengesit word.

Maar Yeshua sal elkeen wat in Hom vertrou as die Messias tot sondevergifnis en versoening met YHVH, vrymaak van die vloek van die wet.

Yeshua het ons bevry van die vloek van die wet deur in ons (Israel se) plek te sterf vir die verbreking van die bloedverbond wat YHVH by Sinai met hulle gesluit het (Ex. 19:5 tot 24:11), asook vir ons vleeslike onvermoë om alles wat die wet voorskryf, gehoorsaam te wees. Dit is hierdie skuldbrief wat aan die folterpaal vasgeslaan was.

Hy het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy Outoriteit, uitgevee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan. Kol. 2:14.

Onthou: Dit was asof ons ook by Sinai gestaan het en gesê het dat alles wat YHVH spreek sal ons doen. En dit is asof ons saam met Yeshua gekruisig was soos Paulus dit in Rom. 6:6 tot 11 verduidelik:

Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie,

*want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry.
As ons daarom saam met Die Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met Die
Gesalfde Een sal lewe
omdat ons weet dat Die Gesalfde Een opgestaan het uit die dood en nie weer sal sterf nie en
die dood geen outoriteit oor Hom het nie.
Hy wat dood is vir die sonde, het een maal gesterf en omdat Hy leef, leef Hy vir God.
Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in
eenheid met ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een.*

Maar ons is slegs vrygespreek van die vloek van die geskrewe wet indien ons as ‘n koninklike Melgisédék priesterdom van die nuwe verbond lewe volgens YHVH se Torah soos dit in Yeshua tot volheid gekom het en soos dit in ons verstand gegee is en op ons hart geskryf is, (Heb. 8:8 tot 12), naamlik om daarvolgens te loop, dit te hou en dit te doen. Deur die krag van die Afgesonderde Gees, en deur die onverdiende guns in Yeshua, is dit wel moontlik en haalbaar.

Dit is hierdie waarheid wat die dief wil steel sodat ons nie die oorfloed lewe in Yeshua, Die Gesalfde Een, deelagtig sal wees nie (Joh. 10:10b).

Vry van die vloek van die wet beteken egter nie dat daar geen nadelige gevolge vir opsetlike sonde is nie! Nee, dit beteken net dat die voortdurende aanklag en skuldig bevinding tot niet verklaar is. Verder beteken dit ook nie dat ons kan aanhou sondig sodat die genade meer kan word nie (Rom. 6:1 en 2).

Bepeins of Bespreek:

1. Die verskil tussen *wandel*, *hou* en *doen* kan ook soos volg verduidelik word: *Wandel* verwys na die bestudering van Torah. Dit is om Torah dag en nag te oordink (Ps. 1:2; Jos. 1:8) – dit is om deur Torah te ‘loop’ Dit is om Torah ‘te eet’ (Eseg. 3:3 – soos heuning so soet). Om die *gebooie te hou* is om Torah te leer met die doel om te verstaan hoe dit onderhou moet word. Om *dit te doen* is die toepassing ons kennis en insig van dit wat Torah ons beveel om te doen. **Opsommend:** Ons bestudeer Torah met die doel om dit te leer en ons leer dit met die doel om dit te doen.
2. Rabbynse Judaïsme is nog onder die vloek van die geskrewe wet van Moses, want hulle verwerp Yeshua en dus die nuwe verbond! Lees Gal. 3:13 en 14. Onthou: Yeshua se opdrag in Matt. 28:19 en 20, naamlik: *Gaan en maak sudentevolgelinge van al die nasies..... en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het*, geld ook ten opsigte van die huis van Juda. Ja, selfs ten opsigte van die Torah-gehoorsame Jode! Onthou: Yeshua is die deur (Joh. 10:9) van YHVH se skaapkraal en nie Torah nie! En tog is daar baie wat glo dat Torah-gehoorsame Jode wat Yeshua verwerp as die Lam van God wel gered is!
3. Indien Joh. 10:10 in konteks gelees word, is die vraag: Wie is die dief en wat is dit wat hy kom om te steel, dood te maak en te vernietig? Verwys dit na die fisiese of die geestelike? Die meeste sal antwoord dat Satan die dief is, maar is dit korrek? Let egter op wat in vers 1 geskryf is. Probeer Rabbynse Judaïsme om op ‘n ander wyse toegang tot die skaapstal van YHVH te verkry? Na wie se stem luister ons? Ken ons die stem van die Goeie Herder of luister ons na ander stemme? Wie is die huurling (vers 12 en 13) wat niks vir die skape omgee nie – wat nie bereid is om sy lewe af te lê nie? Daarom dan die ernstige waarskuwing in 2 Joh vers 7 tot 11. Wie laat ons toe in ons (geestelike) huise?

4. Hoe kan ons, ons 'huis' (geestelik en fisies) beveilig sodat die dief nie kan kom om te steel, dood te maak en te vernietig nie? Is die antwoord in Jak. 4:7 – *Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander.*
5. Hoekom straf YHVH ongehoorsaamheid? Doen Hy dit bloot terwille van straf of het Hy 'n doel daarmee? Wil YHVH ons aandag op ons ongehoorsaamheid vestig en ons tot selfondersoek bring? Hoekom 'n sewevoudige toename in tugtiging van die ongehoorsames? Verwys Spr. 3:12; Heb 12:6 en 7; Open. 3:19.
 - Is teenspoed in ons lewens nie dikwels eerder weens ongehoorsaamheid nie? Moet ons nie die rede (oorsaak) vir teenspoed eerstens by onself soek nie alvorens Satan beskuldig word of alvorens ons sê dat dit die Vader se wil is?

Wees sterk, wees sterk en word versterk!!

-O-O-O-O-O-O-O-O-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.